Afrikaanse Onderwysnetwerk

BOELIE NEEM BAIE VORMS AAN: (Ouer kinders)

Dit is ook dikwels subtiel in nie-verbale gedrag:
Hul rol hul oë of skud hul kop vir ander se opmerkings en snork, lag of glimlag meerderwaardig.
Hul skaad ander se reputasie deur skinderstories te versprei en ander se foute en persoonlike probleme aan die groot klok te hang.
Ander se opmerkings word gespot en belaglik voorgestel, of as nonsens afgemaak.
Hulle lok ander uit om foute te maak.
Dit kan ook beledigende aanvalle op ander se karakter wees: “Wat verwag jy van iemand soos hy?” “Wat weet hy nou eintlik?”
Dis dikwels die spottende noem van skeldname: idioot, moroon of vark.
Of hulle “terg” en maak “grappies” ten koste van ander.
Hulle sluit hulle sosiaal uit of isoleer hulle deur weg te loop, hulle te ignoreer en hulle met stories van vriende te vervreem.
Boelies stuur beledigende, negatiewe of uitlokkende teksboodskappe vir, of oor ander op elektroniese media aan.
Hulle irriteer ander en lok hulle uit deur hulle te pootjie of hul goed weg te steek. Hulle kan selfs doelbewuste skade aanrig en hul werk of eiendom steel, breek of beskadig.

NOG VORMS WAT BOELIE AANNEEM:

Hulle dreig en intimideer ander.
Boelies raak dikwels ook fisiek: baklei, stamp of stoot, trek ander se hare of pluk aan hul klere.
Ouers se reaksie is dikwels: Dis nie my kind wat boelie nie. My kind word geboelie en rageer maar net op die ander kind wat hom uitlok. Hulle glo as iemand sleg behandel word, verdien hy dit.

BOELIE IS AANGELEERDE GEDRAG WAT AFGELEER KAN WORD!

Boeliegedrag gaan net verander as ons as ouers dit erken en as die kind insig daarin kry. Solank hy of sy daarmee wegkom, word sy of haar gedrag in standgehou.
Om ’n geboelie te stop is van kritieke belang. Kinders wat ander boelie, word dikwels erger geraak as die slagoffer. Navorsing toon dat hulle ’n groter kans het om skolasties te sukkel, depressief te raak, te rebelleer en om betrokke te raak in geweld en misdaad en om in verhoudings te sukkel.
Kinders moet toepaslike sosiale en emosionele vaardighede aanleer om met empatie op te tree. ’n Boelieprobleem moet dadelik hanteer word, voor dit handuit ruk en die kind negatiewe en destruktiewe verhoudingspatrone vaslê wat vir hom ernstige negatiewe gevolge vir die res van sy lewe inhou.
(Anys Rossouw, opvoedkundige sielkundige)

Kom ons skep ’n boelievrye wêreld, waar ons mekaar in ag neem!